

11 November

Skrifgedeelte: Johannes 19:38-20:10

Ons Verlosser staan op uit die dood

Jesus se opstanding is net so 'n wesenlike deel van ons geloof as die kruisiging. As Hy nie uit die dood opgestaan het nie, was ons geloof waardeloos (1 Kor 15:17). Hierdie gebeurtenis beskryf die oomblik waarop die kop van die slang vermorsel word (Gen 3:15). Elkeen wat hieraan glo, weet dat die Satan se mag sodanig gebreek is dat hy ons nie uit God se hand kan ruk nie. Daarom vertel Johannes die gebeure van die begrafnis van Jesus en sy opstanding in fyn besonderhede, want die Satan (en die Jode) wil graag verhoed dat iemand in Jesus se opstanding sal glo. Josef van Arimatea en Nikodemus was albei lede van die Joodse Raad, betroubare leiersfigure. Hulle doen moeite om Jesus se liggaam te versorg, beter as wat enige gekruisigde persoon te beurt geval het (hulle is gewoonlik in gesamentlike grafte begrawe). Jesus word begrawe in 'n graf wat soos 'n kamer aan die kant van 'n heuwel uitgekap was. Maria Magdalena is die eerste getuie van die oop graf, en Petrus en Johannes is die eerste getuies van die feit dat Jesus waarlik opgestaan het – hoewel hulle dit nog nie alles verstaan het nie (20:9). Die doeke en die opgerolde kopdoek wys dat die liggaam nie gesteel is nie, want 'n dief steel alles en rol nie 'n kopdoek op en sit dit netjies eenkant nie. Die twee leier-apostels was hiervan die getuies. Hulle het gesien en geglo (20:8). Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal (1 Kor 15:54). Dank God vir hierdie sekerheid in jou lewe. Die sonde mag nie in jou lewe die laaste sê hê nie – die dood ook nie.

Sing: Skrifberyming 10:2

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)